GRONDWET
VAN DIE
AFRINO TELERSGENOOTSKAP
VAN SUID-AFRIKA

Goedgekeur op 27 Mei 1981

GRONDWET VAN DIE AFRINO TELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Woordomskrywing

Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en ‘n strydige mening nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken –

(a) “aantekening”, die prosedure van inskrywing van F1 tot F6 Afrino’s in die Ontwikkelingsregister;

(b) “Afrino”, ‘n dier wat die fenotipiese eienskappe van ‘n Afrino besit;

(c) “Departement”, die Departement van Landbou en Visserye;

(d) “eienaar” van ‘n dier, die persoon;
  (i) wie (volgens die rekords van Stamboek) die dier besit, of
  (ii) wat tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat die dier geskik is om so in sy naam aangeteken of geregistreer te word;

(e) “eisel”, die bevrugte of onbevrugte easel van ‘n Afrino;

(f) “Gebiede”, die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika insluitende die Oostelike Caprivi Zipfel en enige ander lande aangrensend aan die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika of die Oostelike Caprivi Zipfel soos deur die genootskap van tyd tot tyd met die goedkeuring van Stamboek en die Minister mag bepaal:

(g) “geboorte”, die geboorte van ‘n Afrinolam;

(h) “Genootskap”, die Afrinotelersgenootskap van Suid-Afrika;

(i) “Grondwet”, die Grondwet met inbegrip van die Verordeninge van die Genootskap;

(j) “Kuddeboek”, die Kuddeboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle Afrinos ingeskryf word;

(k) “Lamboek”, die Lamboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle Afrinolammers ingeskryf word ten opsigte waarvan geboortekennisgewings ingedien was;

(l) “Minister”, die Minister van Landbou en Visserye;

(m) “persoon of persone woonagtig in die Gebiede wie ‘n teler is”, beteken dat die kudde/s van sodanige persoon/persone op plekke aangehou word en nie noodwendig dat die persoon of teler self in die Gebiede woonagtig is nie;

(n) “Raad”, die Raad van die Genootskap;

(o) “Registrateur”, die beampte aangewys as Registrateur van Veeverbetering ingevolge Artikel 4 van die Wet en sluit ‘n beampte in wie in sy opdrag of onder sy beheer optree;

(p) “registreer”, die prosedure van inskrywing van Afrino’s in die Volgeregistreerde gedeelte van die Kuddeboek;

(q) “R.S.A.”, die Republiek van Suid-Afrika;

(r) “Sekretaris”, die Sekretaris van die Genootskap wat alle vergaderings van die Genootskap bywoon en die reg het om aan die besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê oor enige probleem of besluit wat by die vergadering geneem word nie;

(s) “semen”, die semen van ‘n Afrino-ram;

(t) “Stamboek”, die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsverening;

(u) “’n Suid-Afrikaansgeteelde Afrino” (vir doeleindes van registrasie), ‘n sodanige dier wat in of op weg na die Gebiede gebore is. Een wat ontstaan uit inovulering met ‘n ingevoerde easel sal egter as ‘n ingevoerde Afrino beskou word;

(v) “S.W.A.”, Suidwes-Afrika;

(w) “teler” van ‘n Afrino wat geskik is vir aantekening of registrasie in die Kuddeboek, die eienaar van
   (i) sy moeder ten tye van sy geboorte,
   (ii) die draerooi ten tye van sy geboorte as gevolg van ‘n eiseloorplanting, of
   (iii) sodanige dier tydens sy eerste aanname vir aantekening in die Ontwikkelingsregister;

(x) “Wet”, die Veeverbeteringswet 1977 (Wet 28 van 1977) insluitende die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig.

DIE AFRINO TELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
GRONDWET

1. DIE NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Afrino Telersgenootskap van Suid-Afrika en in hierdie Grondwet het alle woorde waarin ‘n bepaalde betekenis geheg word, dieselfde betekenis as in die Veeverbeteringswet, 1977 (wet 25 van 1977).

2. DOELSTELLINGS EN MAGTE

Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellinge en magte van die Genootskap –

Om die teelte en verbetering van die genetiese produksiepotensiaal van die Afrinos aan te moedig in die Gebiede deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Genoostkap ingevolge die Wet ten opsigte van aantekening of registrasie van stambome by Stamboek, invoer en uitvoer van Afrinos, semen en eiselle, tegniese-, adviserende- en inspeksiedienste of op enige ander wyse.

Om die rasegtheid van die Afrino-ras in die Gebiede te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder.

Om noukeurig verslae van die stambome en besonderhede van suiwergeteelde Afrinos saam te stel, te bewaar en in stand te hou met die doel vir aantekening of registrasie by Stamboek.

Om ‘n “Standaard van Voortreflikheid” vir die ras op te stel.

Om die verkoop van Afrinos te bevorder.

Om deur samewerking met Stamboek en die Departement voorligting te gee om Afrinos te verbeter.

Om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van sy lede se belange met betrekking tot hul bedrywighede in verband met Afrinos.

Om inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van Afrinos die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte gehou kan word met wetenskaplike- en ander ontwikkelinge.

Om sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos aan die Genootskap opgelê is deur die Wet en as gevolg van sy lidmaatskap van Stamboek.

3. LIDMAATSKAP

3.1 WIE DAARVOOR IN AANMERKING KOM

Enige persoon woonagtig in die Republiek wat ‘n teler is van Afrinos of belangsteling toon in die ras sal geregtig wees op lidmaatskap van die Genootskap, met dien verstande dat enige persoon woonagtig in die Gebiede aan wie lidmaatskap van die Genootskap voor die bekragtiging van hierdie Klousule toegestaan was onderhewig aan die bepalinge van die Grondwet, sal voortgaan om lid te wees met die behoud van alle regte en voorregte van lidmaatskap.

Daar is die volgende lede –

(a) GEWONE LEDE

Alle persone wat direk of indirek gemoeid is met die teelt van Afrinos kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van die Genootskap as Gewone Lede. Vir die doeleindes van hierdie sub-klousule word ‘n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid wat volgens die voorwaardes hierbo uiteengesit handel dryf, beskou as ‘n persoon en kan in aanmerking kom vir Gewone Lidmaatskap van die Genootskap.

(b) LEWENS-LID

Enige Gewone Lid mag met die goedkeuring van die Raad ‘n Lewens-Lid word deur die betaling van sodanige bedrag of ledegeld as wat die Raad mag bepaal. (Bylae A).

(c) LEWENS-ERELEDE

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Jaarvergadering ‘n persoon tot Lewens-Erelid verkies, op voorwaardes dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Lewens-Erelid sal al die regte en voorregte van ‘n lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

(d) SPESIALE ERELEDE

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van Afrinos nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelede, op sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal mag word.

3.2 MAATSKAPPY, VENNOOTSKAP OF REGSPERSOONLIKHEID

3.2.1 ‘n Maatskappy, vennotskap of regspersoonlikheid wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as sy verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree; op die verdere voorwaarde dat sodanige persoon die reg sal hê om skriftelik ‘n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap nie later as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie. Ten opsigte van ‘n

vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote by tye van aansoek om lidmaatskap aan die Genootskap verstrek word.

3.2.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 3.2.1 uiteengesit gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid bestel te wees en by alle vergaderings wat deur die sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

3.2.3 Die hoofpersoon wat op so ‘n manier aangewys is om sodanige maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

3.2.4 Indien so ‘n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid in gebreke bly om aan die vereistes van die Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 3.1(a) en 3.1(b) uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalinge van die volgende Klousule 3.2.5 sal mutatis mutandis ten opsigte van so ‘n maatskappy, vennootskap en regspersoonlikheid van toepassing wees.

3.2.5 In die geval van die likwidasie van ‘n maatskappy of die ontbinding van ‘n vennootskap of regspersoonlikheid, sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties ten einde loop, met dien verstane dat –

(a) alle gelde of bedrae aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap ingevorder sal word van die likwidateur van sodanige maatskappy, of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap of regspersoonlikheid;
(b) die likwidateur van sodanige maatskappy en die lede van sodanige vennootskap of regspersoonlikheid verplig sal wees om al die verpligtinge van so ‘n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid na te kom ten opsigte van aantekeninge of registrasies, oordragte, of enige verpligtinge wat die maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid sou moes nakom as lid van die Genootskap; en
(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, aantekeninge of registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so ‘n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, sal ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede of Lewens-Lede opgelê word.

3.3 <u>AANSOEK OM LIDMAATSKAP</u>

3.3.1 Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap as Gewone Lid of Lewens-lid moet op die voorgeskrewe vorm (Bylaag D) aan die Genootskap gerig word. Die aansoek moet ook vergesel wees van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos uiteengesit in die Bylae van gelde van die Genootskap.

3.3.2 ‘n Aansoek om lidmaatskap moet vergesel wees van die nodige bewys dat aan die bepaalde vereistes beantwoord word.

3.3.3 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier sonder om redes vir die sodanige weiering te verstrek.

3.3.4 Indien ‘n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

4. GEREGISTREERDE TELERS

4.1 Enige persoon met inbegrip van ‘n maatskappy, vennootskap of regspersoonlikheid wat woonagtig is of handel dryf in ‘n landstreek aangrensend aan die Republiek waarin die Genootskap met goedkeuring van die Minister registrasiedienste lewer en belangstelling toon in die teelt van Afrinos, sal in aanmerking kom vir aanvaarding as ‘n geregistreede teler.

4.2 Uitgesonderd die regte om op ‘n algemene vergadering te stem en om tot die Raad verkies te word, sal al die regte, voorregte en verpligtinge van lede mutatis mutandis op geregistreerde telers van toepassing wees.

5. REGISTER VAN LEDE

5.1 Die Genootskap sal ‘n regsiter van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul posadres, bedrae van hul ontvang en die datum van betaling, agterstallige gelde, indien enige wat verskuldig mag wees asook die laaste Afrinos in hul naam aangeteken of geregistreer is en die afdeling van die Kuddeboek waarin hul Afrinos aangeteken of geregistreer is, aangeteken moet word.

5.2 Elke lid moet die Genootskap skriftelik van ‘n verandering van sy posadres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan ‘n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per aangetekende pos deur die Genootskap aan lede versend is, sal as bindende beskou word.

6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap is persoonlik op homself van toepassing en is nie oordraagbaar of oorerflik nie, hetsy deur sy eie handeling of deur wetsbepaling.

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder die lede uitgegee word;
(b) om Afrinos in ooreenstemming met die Grondwet te laat aanteken of registreer;

(c) om alle algemene sowel as buitengewone vergaderings van die Genootskap by te woon en op sodanige vergaderings te stem;
(d) om indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende Afrinos van die Genootskap se Inspekteurs en amptenare te vervang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word;
(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik; en
(f) om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.

7. LEDEGELD EN GELDE

7.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissies aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word op die eerste daaropeenvolgende algemene vergadering van die Genootskap voorgelê of in die amptelike mondstuk van die Genootskap aangekondig.

7.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Maart van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit nog nie op 1 Julie van dieselfde jaar betaal is nie.

7.3 Enige lid wie se jaarlikse subskripsie en/of enige ander gelde aan die Genootskap verskuldig nie binne ‘n tydperk deur die Raad bepaal betaal is nie, sal ophou enige van die regte, voorregte en voordele van lidmaatskap te geniet tot tyd en wyl die agterstallige skulde ten volle betaal is. Waar ledegeld op 1 Julie van enige finansiële jaar nog nie betaal is nie, sal ophou om enige van die regte, voorregte en voordele van lidmaatskap te geniet tot tyd en wyl die agterstallige skulde ten volle betaal is.

7.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente gehef word op alle agterstallige rekeninge teen ‘n rentekoers soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel sal word.

7.5 Enige lid wie, om watter rede ookal, ophou om lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

7.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van ‘n lid agterstallig is of ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ‘n lid indien sy rekening vir insameling aan ‘n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskostes, insamelingsgelde, produreursgelde en kliëntkostes wat dit mag meebring, saam met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

8. BEDANKINGS EN SKORSING EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

8.1 BEDANKINGS

Enige lid mag bedank as lid van die Genootskap deur nie minder as drie maande voor die tyd skriftelik daarvan kennis te gee aan die Genootskap; op voorwaardes dat –

(a) sodanige bedanking nie in werking sal tree voor 31 Maart van die finansiële jaar waarin die bedanking ingedien is nie, en
(b) sodanige lid alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal het en sodanige lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, inskrywings, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

8.2 SKORSING VAN LEDE

8.2.1 Die Raad mag ‘n lid skors wie –

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 90 dae nadat ‘n skriftelike eis vir sodanige vereffening deur die Genootskap onderteken, aan hom gepos is;
(b) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het of wat na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Genootskap opgetree het;
(c) deur sy optrede of gebrek daaraan werklike of moontlike oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die doelstellinge van die Genootskap;
(d) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die Genootskap of enige van sy amptenare, of wat aan die liggaam of bedekking van ‘n dier sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei;
(e) probeer om ‘n amptenaar van die Genootskap om te koop; of
(f) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet;

MET DIEN VERSTANE DAT geen stappe vir skorsing geneem sal word teen ‘n lid van die Genootskap nie, alvorens die Genootskap nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige skorsing behandel sal word, ‘n geregistreerde brief aan so ‘n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar ‘n beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies deur sy behoorlik bemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

8.2.2 Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van ‘n lid en om sodanige informasie by sulke plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so ‘n wyse as wat die Raad mag goeddink. Die gewone reëlings wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige bona fide navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of

reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom was nie.

8.2.3 Na sodanige skorsing van ‘n lid sal die Raad sy naam uit die Kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap verwyder en by Stamboek aansoek doen vir die kansellering van alle aantekeninge of registrasies ten opsigte van Afrinos wat deur die geskorsde lid geteel is en ten tye van sy skorsing in sy besit was. Die Raad sal verder van die geskorsde lid verlang om onverwyld alle aantekening- of registrasiesertifikate ten opsigte van Afrinos wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die Genootskap te oorhandig en na sodanige datum sal geen oordrag van diere deur hom geteel aangeteken of geregistreer word nie; geen geboortetekennisgewings ontvang van hom sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

8.2.4 Enige lid wat geskors word sal alle gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap ten volle betaal, en al sy verpligtinge nakom ten opsigte van aantekeninge of registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap.

8.2.5 Enige persoon wat as lid van die Genootskap geskors word bly aanspreeklik vir alle subskripsies en gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap op datum van sy skorsing.

8.3 <u>OPHEFFING VAN STEMREG</u>

8.3.1 Enige lid wat vir ‘n termyn soos wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal geen Afrinos in sy naam laat aanteken of registreer het nie of wat nie aangetekende of geregistreerde Afrinos gedurende sodanige tydperk aangekoop het waarvan die oordragte in sy naam geregistreer is nie sal stemreg ingevolge Klousule 6 (b) verbeur.

8.3.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 30 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree daarvan skriftelik deur die Sekretaris in kennis gestel is nie.

8.3.3 Sodanige opheffing van stemreg van ‘n lid sal van krag bly totdat hy weer diere laat aanteken of registreer waarna die opheffing van sy stemreg onmiddelik beëing sal word sonder dat enige kennisgewing tot dien effekte aan hom gegee moet word.

8.3.4 Die opheffing van stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligtinge van lidmaatskap affekteer nie.

9. HERINSTELLING VAN LEDE

Enige persoon wie, om watter rede ookal, opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag daarna weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalinge van Klousule 3.3 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

10. RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

10.1 VERKIESING VAN DIE RAAD

Die belange van die Genootskap word beheer en bestuur deur ‘n Raad wat uit die volgende ses lede bestaan en wat tydens ‘n Algemene Jaarvergadering of spesiale algemene vergadering wat vir die doel belê is, verkies is –

(a) Die Algemene Jaarvergadering sal die President en vise-President kies, wat die amp vir ‘n tydperk van twee jaar sal beklee.
(b) Vier ander lede wie hul amp sal beklee tot die tweede Algemene Jaarvergadering na hul verkiesing wanneer twee lede deur die lot aangewys, sal aftree. Daarna by elke Algemene Jaarvergadering sal twee lede wat die langste die amp beklee het, die amp neerlê.
(c) Die President, vise-President en uittredende lede is almal herkiesbaar.
(d) By die verkiesing van Raadslede moet alle persone per geslote briefie genomineer word en per geslote stembriefie verkies word.

10.2 Benewens die vier gekose lede van die Raad sal daar ook die volgende lede wees wat op die Raad sal dien in ‘n adviserende hoedanigheid maar sonder stemreg –

(a) DEPARTEMENTELE VERTEENWOORDIGER

Die minister het die reg om ‘n amptenaar van sy departement te benoem om hom op die Raad te verteenwoordig;

(b) ERE LEWENS-VISE-PRESIDENTE

Vir uitsonderlike dienste aan die ras mag persone op aanbeveling van die Raad by ‘n Algemene Jaarvergadering verkies word tot Ere Lewens-vise-President, wie ex officio lede van die Raad sal wees en oor stemreg sal beskik. Daar sal egter nooit meer as twee Ere Lewens-vise-Presidente gedurende dieselfde tyd wees nie;

(c) DIE SEKRETARIS

Die Sekretaris van die Genootskap wat alle vergaderings van die Genootskap bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê oor enige probleem of besluit wat by die vergadering geneem word nie.

10.3 Indien ‘n lid van die Raad te sterwe kom, bedank of ophou om lid van die Genootskap te wees, kan die Raad ‘n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van die dienstermyn. Die Raad sal egter behoorlik gekonstitueer beskou word, en sal voortgaan om al die magte

wat aan hom oorgedra is uit te voer nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

10.4 In die geval waar die pos van President of Vise-President vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad op sy daaropvolgende vergadering per stembriefies, een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk.

10.5 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp verbeur.

10.6 UITVOERENDE KOMITEE
Die Uitvoerende Komitee van die Raad sal bestaan uit die President en Vise-President en een Bestuurslid. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee moet goedgekeur word op die daaropvolgende Raadsvergadering.

11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet en die besluite van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word.

In besonder het die Raad die mag om –

11.1 betaling van geldlenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekening en verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbrief-effekte, met of sonder sekuriteit;

11.2 geld aan enige persoon of maatskappy te leen of geld van enige persoon of maatskappy te leen;

11.3 vrywarings en waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

11.4 donasies of skenkings te maak;

11.5 ‘n trust te onderneem en uit te voer;

11.6 gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas, en ander aansporingskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

11.7 onderhewig aan die bepalings van Klousule 7.1 die ledegelde of verpligtinge van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge aan te beveel soos nodig geag mag word;

11.8 een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokumente wat op sake van die

Genootskap betrekking het te trek, te aksepteer, te ondosseer, aan te gaan of uit te voer;

11.9 geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak, en die vergoeding daaruit verkry op so ‘n wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word;

11.10 enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek;

11.11 al die kostes en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

11.12 gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en tot bevordering van die Afrino-ras aan te wend;

11.13 op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen;

11.14 ooreenkomstig Klousule 7.3 te weier om inspeksie, aantekeninge of registrasie en ander werk vir lede te doen indien hulle rekenings agterstallig is;

11.15 algemene of spesiale algemene vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van ‘n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalinge van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

11.16 na goeddunke, sodanige prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan of te skors; om hulle magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hulle pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

11.17 ‘n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of ‘n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

11.18 kontrakte buite die Republiek aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in ‘n vreemde land te verly;

11.19 aanbevelings te maak ingevolge die Wet met betrekking tot die invoer en uitvoer van Afrinos, semen en ova;

11.20 Inspekteurs aan te stel om Afrinos wat vir aantekening of registrasie aangebied is te keur en vir die doel om enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van die Inspekteurs mag verlang en om aan sodanige Inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellinge van die Genootskap uitgevoer word of om hulle te ontslaan;

11.21 opdrag te gee aan Inspekteurs van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekord gehou word nie, of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die indentiteit van ‘n dier of diere en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

11.22 die dienste van enige persoon van die Genootskap te koöpteer en om sub-komitees te benoem om sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die President en die vise-President van die Genootskap is ex officio lede van alle sub-komitees met alle regte en voorregte;

11.23 verkope van Afrinos te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;

11.24 aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

11.25 een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, ‘n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

11.26 verteenwoordigers tot die Raad van Stamboek te verkies;

11.27 aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys;

11.28 reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef;

11.29 ooreenkomstig Klousule 8 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;

11.30 sodanige strawwe op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap voorgeskryf mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die Genootskap;

11.31 ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

11.32 enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word;

11.33 in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalinge van die Wet en die Grondwet nie.

12. VERGADERINGS

12.1 VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Die Uitvoerende Komitee sal wanneer nodig vergader om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer.

12.1.1 'n Raadslid mag die Voorsitter verlof vra om persoonlik enige sake van belang voor die Bestuur te lê op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die Voorsitter besluit dat die saak van die genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so 'n Raadslid die Bestuursvergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

12.1.2 Indien die Voorsitter nie die saak van genoegsame belang ag nie, mag hy verlof tot bywoning weier en, indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die agenda geplaas word.

12.2 RAADSVERGADERINGS

12.2.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word, of soos wat die President of in sy afwesigheid die vise-President mag besluit; op voorwaarde dat minstens vier Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

12.2.2 'n Spesiale Vergadering –

(a) mag deur die President (of in sy afwesigheid deur die vise-President) belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder as vier Raadslede, waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die Genootskap gerig word.

12.2.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 14 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Genootskap aan elke lid van die Raad gepos word.

12.3 ALGEMENE VERGADERINGS

12.3.1 ‘n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in ‘n finansiële jaar gehou, op so ‘n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

12.3.2 By so ‘n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met ‘n behoorlik geouditeerde balansstaat en ‘n verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het. Sodanige Algemene Jaarvergadering moet gehou word -

(a) in die geval van die eerste Algemene Jaarvergadering, binne ‘n tydperk van 18 maande na die datum waarop ‘n Sertifikaat van Regspersoonlikheid aan die Genootskap uitgereik is;
(b) nie later nie as ses maande na die einde van elke finansiële jaar van die Genootskap;
(c) binne hoogstens 15 maande na die datum van die jongste voorafgaande Algeme Jaarvergadering van die Genootskap, behalwe as die nodige verleging van sogenaamde tydperk van die Registrateur bekom was ingevolge die Regulasies van die Wet;

12.3.3 ‘n Spesiale algeme vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd belê word deur –

(a) die Raad, of
(b) die President (of in sy afwesigheid die vise-President) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van ‘n skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Genootskap gerig is, en wat deur nie minder as tien lede van die Genootskap onderteken is. So ‘n aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

12.3.4 ‘n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van ‘n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Genootskap aan elke lid gepos word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te stel, nie minder nie as 40 dae voor die vergadering. Geen onderwerp wat deur enige lid voorgestel is, sal op die agenda van die Algemene Jaarvergadering geplaas word indien die verlangde kennisgewing van die voorstel nie ooreenkomstig hierdie sub-Klousule gegee is nie.

12.3.5 Kennis van tyd, datum en plek waarop enige algeme of spesiale vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gepos word.

12.3.6 Daar sal geen besluit op ‘n algemene vergadering geneem word, tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van die vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so ‘n vergadering met ‘n tweederde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem.

12.3.7 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur ‘n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

12.3.8 Vir die doel om besluite op ‘n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word ‘n tweederde meerderheid op ‘n spesiale algemene vergadering vereis.

12.3.9 Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die vise-President die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by ‘n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is ‘n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so ‘n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die President uit te voer.

12.3.10 Alle sake wat voor enige vergadering gelê word tensy andersins voorsien word moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van ‘n staking van stemme, sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem ‘n beslissende stem naas sy gewone stem hê, behalwe waar daar gestem word vir persone waarby ‘n staking van stemme per loting beslis sal word vir wie verkies is.

12.3.11 Onderworpe aan die bepalings van Klousule 10.1 sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefie verlang, in welke geval stemming per geslote stembriefie sal geskied.

12.3.12 Geen saak wat origens behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

12.4 <u>KWORUMS</u>

12.4.1 25% van die lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering vorm ‘n kworum vir so ‘n vergadering en vier Raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is vorm ‘n kworum vir so ‘n Raadsvergadering.

12.4.2 Die President, vise-President en verkose Raadslid moet teenwoordig wees by enige vergadering van die Uitvoerende Komitee ten einde dit in staat te stel om te funksioneer.

12.4.3 Indien daar by enige vergadering nie ‘n kworum teenwoordig is nie, kan die vergadering verdaag tot ‘n tyd en plek (nie minder nie as sewe dae daarna) wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word en op so ‘n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ‘n kworum

met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie maar waar die President of vise-President teenwoordig is, vir ‘n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, ‘n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat die raadslid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir ‘n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om na aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is te verdaag tot ‘n tyd en plek soos hierin bepaal.

13. NOTULES VAN VERGADERINGS

13.1 ‘n Afskrif van die notule van alle algemene vergaderings sal voorsien word aan elke lid van die Genootskap.

13.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of ‘n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

14. FINANSIëLE BEPALINGS

14.1 Die Raad sal sorg dat een of meer bankrekening namens die Genootskap geopen word, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer word.

14.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per tjek gedoen en die tjeks moet deur die Sekretaris of ‘n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken word en mede-onderteken deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 11.25 op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, die Raad sal verhoed om ‘n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie ‘n bedrag wat deur die Raad vasgelê is, oorskry nie kontant betaal word, op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekening per tjek getrek word.

14.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd maar nie minder as een keer per jaar deur ‘n gekwalifiseerde ouditeur wat deur ‘n algemene vergadering van die Genootskap daartoe aangestel is, geoudit word en ‘n behoorlik geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die Genootskap soos dit op 31 Maart van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 12.3.1, moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap voorgelê word.

14.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

14.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellinge van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie, op voorwaarde dat niks hierin vervat is die betaling in goedertrou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

14.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, word sodanige eiendom nie onder lede van die Genootskap verdeel of aan hulle uitbetaal nie, maar word geskenk of oorgedra aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellinge ooreenstem met die van die Genootskap soos deur die meerderheid op ‘n algemene vergadering van die Genootskap besluit.

14.7 Die finansiële jaar van die Genootskap neem ‘n aanvang op 1 April van elke jaar en sluit op 31 Maart van die daaropvolgende jaar.

15. AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN STAMBOEK EN REGSPERSOONLIKHEID EN AFFILIASIE

Die Genootskap moet aansoek doen om regspersoonlikheid ingevolge Artikel 18 van die Wet en lidmaatskap van die Stamboek. Die Genootskap kan ook met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellinge nie strydig is met dié van die Genootskap nie, affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so ‘n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige algemene vergadering van die Genootskap persoonlik teenwoordig is en stem.

16. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER TOT DIE RAAD VAN STAMBOEK

Ooreenkomstig Klousule 11.26 moet die Raad ‘n verteenwoordiger of verteenwoordigers tot die Raad van Stamboek verkies.

17. KONSTITUSIONELE WYSIGINGS

17.1 Byvoegings tot, of wysigings, of veranderings van die Grondwet of die rasstandaarde mag slegs aangebring word deur ‘n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ‘n algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig is, stemgeregtig is en stem, ook moet van die voorgestelde standaarde asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

17.2 Geen sodanige byvoeging tot die wysiging van die Grondwet wat goedgekeur is soos in Klousule 17.1 hiervan beskryf, moet binne 30 dae nadat die wysiging aangebring is aan Stamboek voorgelê word en dit sal 90 dae nadat dit dus

voorgelê is in werking tree: Met dien verstane dat indien Stamboek van mening is dat die byvoeging en wysiging onbestaanbaar is met die bepalinge van die Wet sal die Genootskap daarvan in kennis gestel word wanneer sodanige byvoeging en wysiging van nul en gener waarde sal word.

18. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op ‘n plek wees soos wat die Raad mag bepaal.

19. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Bylaes in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse lesing as die outentieke vertolking beskou.

DIE AFRINO TELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
ALGEMENE VERORDERINGE

(Verorderinge met betrekking tot inseminering of inovulering kom in werking op ‘n datum soos deur die Raad bepaal).

1. KUDDEBOEK

1.1 Die Genootskap sal ‘n kuddeboek saamstel en hou of laat saamstel en hou wat bekend sal staan as die Afrinokuddeboek, en sal uit die volgende afdelings bestaan:
(a) Ontwikkelingsregister
(b) Hulpstamboek
(c) Volgeregistreerde kuddeboek

1.2 KUDDE AANTEKENING REGISTER

Persone wie lede is van die Genootskap ten tye van goedkeuring van die Grondwet deur die Minister, en wat voor sodanige datum as lede deur die Raad goedgekeur was en wie nie geneë is om aan die aantekening- of registrasievereistes te voldoen nie, se kudde sal in die Kudde Aantekening-Register wat deur die Genootskap gehou sal word, ingeskryf word.

Sodanige lede sal slegs jaarliks ‘n lys by die Genootskap indien om die getal ramme en ooie in hul besit aan te dui. Die nageslag sal altyd in hierdie Kudde Aantekening-Register bly, behalwe as sodanige teler mettertyd bereid sou wees om aan die vereistes van die Ontwikkelings Register of die Hulpstamboek te voldoen, wanneer sodanige diere in die betrokke afdeling opgeneem sal word vir aantekening of registrasie. Ramme uit die Kudde Aantekening-Register sal geïdentifiseer en as F4 diere in die Ontwikkelings Register aangeteken word.

Die Kudde Aantekening-Register sal dus slegs ‘n Rekord wees wat die Genootskap hou van ‘n lid en die aantal ramme en ooie in sy besit op ‘n gegewe tyd elke jaar.

Daar sal nie teen diere uit die Kudde Aantekening-Register gediskrimineer word nie en sulke diere mag op skoue vertoon word en op veilings as sulks aangebied word.

1.3 ONTWIKKELINGSREGISTER

1.3.1 F1 Ooi-nageslag wat afkomstig is van:
(a)

Merino-ooie wat geselekteer is vir:	Ronderib Afrikaner ramme wat geselekteer is vir:
(i) Grootte en bouvorm	(i) Vry van kleur
(ii) Matige tot gladde kraagtipe	(ii) Sagte (wollerige) bedekking het
(iii) Wol het wat vry van kemp is	

OF

(b)

Merino-ooie soos in (a) gespesifiseer	Goedgekeurde A of AA Afrino-ramme

Parings en ander sodanige besonderhede as wat deur die Raad verlang mag word en vir die Raad aanvaarbaar is, sal geskik wees vir aantekening in die F1 Afdeling van die Ontwikkelingsregister.

1.3.2 F2

(a)

Nageslag van F1 ooie	Goedgekeurde S.A. Vleismerino-ramme met ‘n goeie bouvorm, goeie massa vir ouderdom, en redelike vagbedekking met sagte aanvoeling en vry van kemp

OF

(b)

Nageslag van F1 ooie	Goedgekeurde A of AA Afrino-ramme

wat aan die minimum rasstandaarde voldoen (Bylae B) asook aan al die vereistes soos deur die Raad bepaal mag word, sal in aanmerking kom vir aantekening as F2 diere in die Ontwikkelingsregister.

1.3.3 F3

(a) Die nageslag van F2 ooie wat gepaar is met goedgekeurde (A of AA) F2, F3, F4, F5, F6 of Afrino-ramme wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B) voldoen asook aan al die vereistes soos deur die Raad bepaal mag word, sal in aanmerking kom vir aantekening as F3 diere in die Ontwikkelingsregister.

(b) Tweede en derde generasie diere asook Afrino-kuddediere waarvan die oorsprong en telingsbesonderhede volgens plaasrekords vir die Raad aanvaarbaar is met betrekking tot hulle telingsgeskiedenis en sodanige besonderhede as wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B) voldoen, mag op aanbeveling van die Raad aanvaar word vir aantekening in die Ontwikkelingsregister.

1.3.4 F4

Die nageslag van F3 ooie wat gepaar is met goedgekeurde (A of AA) F3, F4, F5, F6 of Afrino-ramme en wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B) voldoen, asook aan al die vereistes met betrekking tot aantekening, sal in aanmerking kom vir aantekening as F4 diere in die Ontwikkelingsregister.

1.3.5 F5

Die nageslag van F4 ooie wat gepaar is met goedgekeurde (A of AA) F4, F5, F6 of Afrino-ramme en wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B) voldoen, asook aan al die vereistes met betrekking tot aantekening, sal in aanmerking kom vir registrasie as F5 diere in die Ontwikkelingsregister.

1.3.6 F6

Die nageslag van F5 ooie wat gepaar is met F5, F6 of Afrino-ramme en wat aan die minimum rasstandaarde (Bylae B) voldoen, asook aan al die vereistes vir aantekening sal beskou word as F6 diere en sal in aanmerking kom vir registrasie in die Volgeregistreerde Kuddeboek as rasegte Afrinos.

1.4 HULPSTAMBOEK - OPGRADERINGSREGISTER

1.4.1 HULPSTAMBOEK A

'n Fenotipiese Afrino ooi wat uit 'n kudde kom waar die teler 'n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek, en wat aan die minimum rasstandaard (Bylae B) voldoen, sal vir registrasie in die Hulpstamboek "A" afdeling van die kuddeboek geskik wees, op voorwaarde dat sy die afstammeling van 'n geregistreerde Afrino-ram is.

1.4.2 HULPSTAMBOEK B

Indien die ooilammers van 'n Hulpstamboek A-ooi en 'n geregistreerde Afrino-ram voldoen aan die minimum rasstandaard (Bylae B) en aan al die ander vereistes met betrekking tot registrasie, sal hulle vir registrasie in die Hulpstamboek "B" afdeling van die Kuddeboek geskik wees.

1.4.3 HULPSTAMBOEK C

Indien ooilammers van 'n Hulpstamboek B-ooi en 'n geregistreerde Afrino-ram voldoen aan die minimum rasstandaard (Bylae B) en aan al die ander vereistes met betrekking tot registrasie, sal hulle vir registrasie in die Hulpstamboek "C" afdeling van die Kuddeboek geskik wees.

1.5 VOLGEREGISTREERDE KUDDEBOEK

Die vroulike nageslag van Hulpstamboek "C"-ooie en geregistreerde Afrino-ramme asook alle nageslag (manlik en vroulik) van F6 x F6, F6 x Volgeregistreerd of Volgeregistreerd x Volgeregistreerd parings wat aan die minimum rasstandaard (Bylae B) en al die ander vereistes met betrekking tot registrasie voldoen, sal vir registrasie as rasegte Afrinos in die Volgeregistreerde kuddeboek geskik wees.

1.6 TOELAATBARE PARINGSTELSELS

1.6.1 Parings in die Ontwikkelingsregister, Hulpstamboek- of die Volgeregistreerde Kuddeboek, mag individuele vaderparings of genomineerde vader-parings wees. Indien genomineerde vader-parings toegepas word, moet alle ramme van gelyke aantekening- of registrasie-status wees.

1.6.2 ENKEL PARING AFDELING

Nageslag van goedgekeurde en individuele geïdentifiseerde ramme en ooie waarvan die individuele vader en moeder verstrek kan word en aan al die vereistes voldoen sal geskik wees vir aantekening of registrasie in hierdie afdeling van die betrokke Register.

1.6.3 GENOMINEERDE VADERPARINGSAFDELING

Nageslag van goedgekeurde en individueel geïndentifiseerde ramme en ooie, waarvan die individuele moeder verstrek kan word, en ten opsigte waarvan 'n lys van goedgekeurde ramme soos in Verordening 1.6.1 vermeld wat by die betrokke groep ooie gebruik was gedurende die paringsseisoen, ooreenkomstig Verordening 5.1 ingedien was, sal geskik wees vir aantekening of registrasie in hierdie afdeling van die betrokke Register.

2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTERS

2.1 Diere sal nie vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd, deur die Genootskap, by die Vereninging vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel registreer waardeur al die diere wat namens hom aangeteken of geregistreer word, onderskei kan word.

2.2 Aansoek om die registrasie van sodanige voorvoegsel word by die Genootskap gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd voorgeskryf sal word.

2.3 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie, behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in algemene verorderinge van die grondwet van Stamboek voorsiening gemaak word.

2.4 KUDDE NOMMERS

2.4.1 Identifikasie-Kudde nommers sal toegeken word aan telers namate hulle aansoek om lidmaatskap doen.

2.4.2 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir inskrywing in die Kuddeboek en vir aantekening of registrasie by Stamboek in aanmerking kom is oorkode merke plus dubbele oorplaatjies.

2.4.3 Alle lammers wat lewend gebore is en nie binne twee dae na geboorte vernietig is nie, moet binne sewe dae na datum van geboorte deur die teler gekodemerk of met oorplaatjies gemerk word in numeriese volgorde. Elke jaar moet by nommer een begin word.

2.4.4 Die oorplaatjies moet in die linkeroor aangebring word en die bokant van die plaatjie moet die volgende besonderhede aandui:
- die identifikasiekuddenommer van die teler
- die jaartal verkort en die
- volgnommer.

3. IDENTIFIKASIE

Alle Afrinos moet geïdentifiseer word deur tatoeëring en oorplaatjies en/of oorkodemerke. Die identifikasie sal bestaan uit (a) kuddenommer wat nie meer as vier spasies mag beslaan nie, en (b) volgordenommer van elke lam voorafgegaan deur ‘n jaarprogram. Die jaarnommer sal twee spasies beloop terwyl die volgordenommer nie meer as ses spasies mag beloop nie.

3.1 WANNEER IDENTIFIKASIEMERKE EENMAAL AAN ‘N DIER AANGEBRING IS, SELFS AS DIT FOUTIEF IS, VAAG, DEFEKTIEF, OF ONLEESBAAR IS, MAG DIT ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE REGGEMAAK, VERBETER, VERANDER OF IN ENIGE OPSIG GEWYSIG WORD NIE, TENSY DAAR VOORAF SKRIFTELIK DAARTOE TOESTEMMING VERLEEN IS NIE.

3.2 Indien die teler met die identifisering van ‘n lam ‘n fout begaan of wanneer die identifikasiemerke vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer geïdentifiseer word in die teenwoordigheid van ‘n inspekteur wat deur die Raad daartoe aangestel is, nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.

3.3 Geen Afrinos mag verkoop of oorgedra word indien dit nie duidelik geïdentifiseer is nie.

4. NAAM

Die naam van ‘n Afrino sal bestaan uit die voorvoegsel, kuddenommer van die teler en die identifikasiemerke van die dier en mag nie meer as 30 spasies in beslag neem nie.

5. DEKKING, LEEN-OORDRAG, INSEMINERING EN INOVULERINGSERTIFIKATE, PARINGSLYSTE EN GESAMENTLIKE BESIT VAN RAMME

5.1 DEKKINGSERTIFIKATE

5.1.1 Indien ‘n Afrino-ooi wat aangeteken of geregistreer of geskik is vir aantekening of registrasie, gedek is deur ‘n Afrino-ram wat ten tye van dekking nie die eiendom van die teler was nie, moet die aansoek om aantekening of registrasie van die voortspruitende nageslag, vergesel gaan van die goedgekeurde dekkingsertifikaat onderteken deur die persoon wat ten tye van die dekking volgens die rekords van die Genootskap en Stamboek aangeteken is as die eienaar van die Afrino-ram.

5.1.2 Sodanige sertifikaat moet die naam en die nommer van die ram, die naam en die nommer van die betrokke ooi, asook die datum van dekking aandui.

5.1.3 In gevalle van genomineerde vader x enkel moeder parings, moet sodanige dekkingsertifikaat die nommers verstrek wat toegeken was aan die betrokke groep genomineerde vaders.

5.1.4 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekkingsertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke ooi/e en genoemde ram/me saam geloop het en verder dat die betrokke ooi/e nie gedurende daardie tydperk deur enige ander ram/me gedek kon gewees het nie.

5.2 LEEN-OORDRAGSERTIFIKAAT

5.2.1 Indien ‘n Afrino-ooi wat aangeteken of geregistreer is of geskik is vir aantekening of registrasie gedek is of in gevalle van Genomineerde Vader Parings moontlik gedek kon gewees het deur ‘n ram wat ten tye van dekking nie die eiendom van die teler was nie, maar wat aan hom geleen was, moet die aansoek om aantekening of registrasie van die voortspruitende nageslag of die paringslys vergesel gaan van die goedgekeurde leenoordragsertifikaat onderteken deur die persoon wie ten tye van dekking volgens die rekords van die Genootskap en Stamboek aangeteken is as die eienaar van die ram.

5.2.2 Sodanige sertifikaat moet die naam en die nommer van die ram, die naam en adres van die persoon aan wie dit behoort, asook aan wie dit geleen is, aandui.

5.2.3 In geval van leen-oordragsertifikate moet sodanige sertifikaat die presiese datums aandui van wanneer tot wanneer die betrokke ram/me aan die ander persoon geleen was en dus slegs deur hom gebruik kon gewees het.

5.2.4 Artikel 7(5) van die Wet asook die Verordeninge van toepassing op gesamentlike eienaars van ‘n ram, sal ook van toepassing wees op ramme wat van een teler aan ‘n ander teler geleen was.

5.3 PARINGSLYSTE

Paringslyste waarop die tydperk wat die betrokke ooie met die genoemde ram/me geloop het moet binne 30 dae na die einde van die dekseisoen op die voorgeskrewe vorm ingedien word by die Genootskap en binne 60 dae voorsien word aan Stamboek. Indien ‘n ram in die geval van enkel vaderparing deur ‘n ander ram vervang word binne 28 dae, sal die vooruitspruitende nageslag beskou word as verwek deur genomineerde vaderparings, tensy die ouerskap van die ram deur bloedtipering bevestig word.

5.4 INSEMINERING- EN INOVULERINGSERTIFIKATE

Inseminering- en/of inovuleringsertifikate (na gelang van die geval) in die vorm van Skedule K en/of O moet ten tye van inseminering of inovulering voltooi word.

5.5 VEREISTES IN DIE GEVAL VAN RAMME WAT IN GESAMENTLIKE BESIT OF GEBRUIK IS

5.1.1 Wanneer ‘n Afrino ram/me oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede eienaars op rekord wees by die Genootskap en Stamboek.

5.1.2 Indien vroulike diere wat die eiendom van ander telers as die gesamentlike eienaars is, deur die betrokke ram/me gedek word, moet die dekkingsertifikate wat ooreenkomstig Verordening 5.1 vereis word, geteken word deur al die mede-eienaars of ‘n mede-eienaar wat daartoe gemagtig deur die ander mede-eienaars.

5.1.3 Die gesamentlike besit en gebruik van ‘n ram/me is onderhewig aan Artikel 7(5) van die Wet (Kyk Verordening 6.7.3).

6. TOEPASSING VAN KUNSMATIGE INSEMINERING

6.1 Afrinos wat wettiglik deur kunsmatige inseminering verwek is, (dit is in ooreenstemming met die Wet) sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot aantekening of registrasie mutatis mutandis voldoen is.

6.2 Geen geboortekennisgewing van Afrinos wat so verwek is, sal met die oog op aantekening of registrasie deur die Genootskap aanvaar word nie, tensy dit geëndoseer is “Deur Kunsmatige Inseminering Verwek”, en vergesel gaan (behalwe in die gevalle waarna Verordening 6.6 verwys) van ‘n behoorlike voltooide Insemineringsertifikaat soos neergelê deur Stamboek.

6.3 Indien verskillende ramme vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde ooi, minder as 17 dae uitmekaar sal dit beskou word as ‘n genomineerde vaderparing ongeag die bepalinge van Verordening 6.1, tensy die vaderskap deur bloedtipering bevestig is nie.

6.4 Die Genootskap behou die reg voor om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor, en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy lede.

6.5 Die Genootskap behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is aan te teken of te registreer indien enige van die reëls en regulasies wat deur die Genootskap neergelê is, nie ten volle nagekom is nie.

6.6 Telers wat in sodanige gebiede buite die R.S.A. woon mag die voorregte van die aantekening of registrasie van kunsmatigeverwerkte nageslag geniet, op voorwaarde dat die semen verkry word van ‘n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van Afrino’s en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

6.7 OPVANG EN STOOR VAN SEMEN VAN RAMME WAT NIE INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE WET GOEDGEKEUR IS NIE EN DIE AANTEKENING OF REGISTRASIE VAN NAGESLAG VOORTSPRUITEND UIT DIE GEBRUIK VAN SODANIGE SEMEN

6.7.1 Die Genootskap bevestig die reg van telers om semen van hul eie Afrino-ramme vir gebruik op hul eie Afrino-ooie op te vang, te bevries en te stoor ongeag daarvan of die ramme ingevolge die bepalinge van die Wet vir die opvang van semen goedgekeur is al dan nie.

6.7.2 Indien ‘n ram waarvan semen opgevang is vir kunsmatige inseminering verkoop word moet die verkoper van sodanige ram ‘n sertifikaat aan die nuwe eienaar daarvan verstrek waarin aangedui word dat semen van die ram voor sodanige verkoop aldus opgevang is, en waarin die name van alle vorige eienaars van sodanige sertifikaat aan Stamboek verstrek.

6.7.3 ‘n Afrino-ram waarvan semen vir die kunsmatige inseminering van ooie opgevang is, mag nie vir teeldoeleindes gebruik word nie by, en die semen van dié Afrino-ram opgevang, mag nie gebruik word nie vir kunsmatige inseminering van, ooie van meer as vyf mede-of opeenvolgende eienaars van daardie ram nie, tensy dit vir die opvang van semen ingevolge artikel 10 goedgekeur is.

6.7.4 Die nageslag verwek deur die gebruik van diep bevrore semen van ramme wat nie ingevolge die Wet vir die opvang van semen goedgekeur was nie, sal geskik wees vir aantekening of registrasie mits aan die bepalinge van die Grondwet sowel as die Wet voldoen is.

6.8 INGEVOERDE SEMEN

Nageslag verwek deur kunsmatige inseminering in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet en die Wet, uit geregistreerde ooie of ooie geskik vir aantekening of registrasie, met ingevoerde semen sal geskik wees vir aantekening of registrasie mits ‘n aanvaarbare tweegenerasie uitgebreide stamboom en ‘n bloedtiperingsertifikaat van die semenskenker aan Stamboek voorgelê word.

7. REëLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN INOVULERING

7.1 Afrinos wat wettiglik deur inovulering ontstaan het (d.i. in ooreenstemming met die Wet) sal vir aantekening of registrasie in aanmekering kom: Op voorwaarde dat:

(a) aan die vereistes van die Grondwet mutatis mutandis voldoen is
(b) ouerskap in elke instansie deur bloedtipering bevestig is
(c) die volgende dokumente binne 90 dae na inovulering ingedien word –
  (i) die betrokke insemineringsertifikaat (indien van toepassing),
  (ii) ‘n behoorlike voltooide inovuleringsertifikaat waarna verwys word in Verordening 5.4,
  (iii) die bloedtiperingsertifikaat en bloedtipering laboratoriumnommers van die eiselskenker, semenskenker en eiselontvanger,

(iv) ‘n sertifikaat uitgereik deur ‘n Veearts tot die effekte dat die opvangs van die eisel en die inovulering in oorstemming met die Wet geskied het

(d) die geboortekennisgewing vergesel is van ‘n bloedtiperingsertifikaat en bloedtipering laboratoriumnommer van die betrokke nageslag

(e) dat beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is, wie ook die reg sal hê om die aantal bokke wat ontstaan het van eiselle van enige eiselskenker, te beperk vir aanvaarding vir aantekening of registrasie

(f) nageslag wat deur inovulering ontstaan het sal vir aantekening of registrasie aanvaar word onderworpe daaraan dat die betrokke nageslag geïnspekteer word en voldoen aan die minimum prestasie-vereistes soos deur die Raad bepaal mag word vir die betrokke afdeling van die Kuddeboek.

7.2 Die Genootskap behou die reg voor om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en inspeksies uit te voer aangaande die rekordhouding van die opvang van eiselle en inovulering.

7.3 Telers wat in sodanige gebiede buite die R.S.A woon sal die voorreg van aantekening of registrasie geniet ooreenkomstig die bepalinge van die Wet en mag aansoek doen vir aantekening of registrasie van nageslag wat deur inovulering ontstaan het op voorwaarde dat die eiselle verkry is van ‘n bron wat deur die Genootskap en Stamboek goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die inovulering van diere en die hou van verslae op so ‘n wyse gedoen word as wat Stamboek van tyd tot tyd mag bepaal.

7.4 Indien ‘n ooi waarvan eiselle opgevang was vir die doel van inovulering verkoop word, moet die verkoper van sodanige ooi aan die nuwe eienaar ‘n sertifikaat verstrek waarin dit aangedui word dat eiselle van sodanige ooi opgevang was voor die datum van verkoop en moet hy die Genootskap en Stamboek met ‘n soortgelyke sertifikaat voorsien.

7.5 Die Genootskap behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur inovulering ontstaan het, te aanvaar vir aantekening of registrasie indien enige van hierdie Verordeninge nie tenvolle nagekom is nie.

8. DRAGTIGHEID- EN INTERLAMMINGSPERIODE

Die dragtigheidsperiode wat ten opsigte van Afrino’s erken word is tussen 135 en 164 dae. Geen periode buite hierdie tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Genootskap erken word nie tensy dit deur ‘n bloedtipering bevestig word. Die minimum aanvaarbare periode tussen twee agtereenvolgende lammers van ‘n ooi sal 140 dae wees.

9. KENNISGEWING VAN GEBOORTE

9.1 Die teler van ‘n lam van ‘n aangetekende of geregistreerde Afrino-ooi, of een wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, moet die Genootskap van die geboorte van die lam in kennis stel ongeag of so ‘n lam lewendig of doodgebore is, raseg of kruising is, of vir aantekening of registrasie behou word al dan nie.

9.2 Kennisgewing van elke geboorte moet op die neergelegde geboortekennisgewing vorm geskied in alle opsigte behoorlik voltooi en deur die teler onderteken en nie later nie as 30 dae na die geboortedatum van die lam wat laaste aangekom het in ‘n betrokke lamseisoen, aan die Genootskap gestuur word.

9.3 Oneag Verordering 10.2 kan die Raad ‘n kennisgewing van geboorte aanvaar wat die Genootskap bereik meer as 30 dae maar minder as 90 dae na die geboorte van die laaste lam in ‘n betrokke lamseisoen, onderhewig aan die voorgeskrewe boete (Bylae A).

Kennisgewing van geboortes wat meer as 90 dae na die geboorte van die laaste lam deur die Genootskap ontvang word sal slegs aanvaar word onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en die betaling van ‘n boete soos wat die Raad mag bepaal.

9.4 In die geval van geboortes van meerlinge moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word ook op die Geboortekennisgewing van elke lam, die nommer en geslag van die ander lam of lammers aandui.

9.5 Wanneer ‘n teler kennis van geboorte van ‘n lam gee moet die afskrif van sodanige vorm so voltooi word dat die inligting wat daarop verskyn in alle opsigte ooreenstem met die gegewens op die oorspronklike vorm of vorms wat aan die Genootskap gestuur is. Al die afskrifte moet deur die teler bewaar word op so ‘n manier dat dit te alle tye beskikbaar is vir insae en kontrolering.

9.6 Op ontvangs van ‘n geldige vereiste kennisgewinge van geboorte van ‘n lewendige lam wat nie tot niet gemaak word nie, moet DIE GEBOORTEKENNISGEWING NAGEGAAN WORD WORD EN DIE BESONDERHEDE AANGETEKEN WORD IN DIE BOEKE VAN DIE GENOOTSKAP EN ONTVANGS DAARVAN AAN DIE TELER ERKEN WORD.

9.6.1 In gevalle waar lammers wat geskik is vir aantekening of registrasie verkoop of andersins vervreem word moet die Genootskap binne 30 dae na verkoop of vervreemding daarvan in kennis gestel word, meldende –
(a) die datum van verkoop of vervreemding; en
(b) die volle naam en adres van die nuwe eienaar.

9.6.2 Die bepaling van Verordening 9.6.1 geld ook vir suiplammmers wat saam met hul moeders verkoop of vervreem word, altyd in agnemende dat lammers wat so verkoop word se geboortes deur die teler by die Genooskap aangemeld was.

9.7 Die Raad sal toesien dat daar namens elke teler boek gehou word van alle geboortes van lammers (hetsy lewendig of doodgebore) waarvan die teler die Genootskap behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat nodig geag mag word.

9.8 Lammers ten opsigte waarvan kennisgewings van geboortes ontvang is en in orde gevind is, word in die Lamboek van die Genootskap ingeskryf en sal daarin bly totdat hulle aanvaar word vir aantekening of registrasie, of afgekeur word.

10. BLOEDTIPERING

Ongeag die bepaling van Verordening 3 behou die Raad die reg voor om te eniger tyd indien dit nodig geag word, ‘n bloedtipering van enige Afrino te vereis met die oog op identifisering. Die koste verbonde aan ‘n bloedtipering sal deur die Genootskap gedra word in gevalle waar die Genootskap dit vereis; in gevalle egter waar enige twyfel bestaan aan die kant van die teler of eienaar met betrekking tot die identifisering van ‘n Afrino, en ‘n bloedtipering uitgevoer word moet die koste deur die persoon gedra word, wat daarvoor aansoek gedoen het.

11. VEREISTES TEN OPSIGTE VAN AANTEKENINGE OF REGISTRASIE

11.1 Behalwe Afrinos wat ooreenkomstig Verordeninge 1.2, 1.3 en 1.4 geskik sal wees vir aantekeninge of registrasie sal die aantekening of registrasie van geen Suid-Afrikaansgeteelde Afrino oorweeg word tensy behoorlik kennis van geboorte ooreenkomstig Verordening 10 ingedien was nie en beide ouers van sodanige skaap by Stamboek geregistreer is nie.

11.2 Inspeksie is ‘n voorvereiste vir aantekening of registrasie en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad, sal geen Afrino onder die ouderdom van 10 maande of bo die ouderdom van 24 maande aangeteken of geregistreer word nie.

11.3 Geen Afrino sal aanvaar word vir aantekening of registrasie tensy sy vader en moeder onderskeidelik ouer as agt en tien maande ten tye van geboorte was nie.

11.4 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede wat op die geboortekennisgewingvorm of meegaande dekkingsertifikaat van ‘n Afrino verskyn, mag die skaap na oordeel van die Raad van aantekening of registrasie uitgesluit word.

11.5 Onthoorning en verwydering van knoppies (klein horinkies) word nie toegelaat nie en sal ‘n diskwalifikasie van ‘n Afrino vir aantekening of registrasie wees.

11.6 Die aantekening of registrasie van alle Afrinos deur Stamboek word op aanbeveling van die Genootskap gedoen, en elke teler wat sulke skape het moet ‘n rekord hou, warin die geboortedatums van alle lammers aangeteken word tesame met besonderhede oor die geslag en teling asook van verkope, vrektes, kastrasies, sterilisering ens., in gebreke waarvan verdere inskrywings deur die Raad gediskwalifiseer of geweier mag word. Telers kan ter eniger tyd deur ‘n Inspekteur gelas word om sodanige verslae vir inspeksie voor te lê.

11.7 AANSOEK OM AANTEKENING OF REGISTRASIE

11.7.1 Aansoeke om aantekening of registrasie van Afrinos moet op die neergelegde vorm gedoen word wat ‘n verbintenis en verklaring in die

volgende terme insluit en deur die teller of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger onderteken moet word –

"Ek, (voeg teller se naam in) verklaar dat ek die Afrino wat hierin beskryf is, geteel het en dat die teeltbesonderhede, stamboom, en identifikasiemerke juis is en ek beloof om die Grondwet, reëls en verordeninge van die Afrinotelersgenootskap van Suid-Afrika en die van die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging te erken en as bindend te beskou".

11.7.2 Aansoekvorms met betrekking tot Afrinos wat kunsmatig verwek is of ontstaan het deur inovulering moet so geëndosseer word. Ook moet alle aantekening- en registrasiesertifikate wat deur Stamboek uitgereik word ten opsigte van enige Afrino wat deur kunsmatige inseminering verwek is of ontstaan het deur inovulering onderskeidelik die woorde "Deur Kunsmatige Inseminering Verwek" of die afkorting "K.I." of "Inovulering" of die afkorting "INOV" agter die naam van die Afrino op enige sodanige aantekening- of registrasiesertifikaat bevat.

11.7.3 Geen aansoek om aantekening of registrasie van 'n Afrino wat in utero ingevoer is, sal deur die Raad aanbeveel word tensy die moeder deur Stamboek geregistreer is en tensy die aansoek vergesel word van –

a) 'n dekkingsertifikaat geëndosseer deur die rasgenootskap in die land van oorsprong of deur 'n insgelyke geëndosseerde insemineringsertifikaat (afhangende daarvan of die bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering veroorsaak is), en
b) bewys dat die ouers voldoen aandie vereistes soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal.

12. INSPEKSIE EN PLIGTE VAN DIE INSPEKTEURS/S EN PRODUKSIEVEREISTES

12.1 Die Raad sal Inspekteurs aanstel om Afrinos soos wat deur die Raad bepaal mag word, te keur.

12.2 Die Inspekteurs sal die neergelegde keuringstelsel toepas (Bylae C)

12.3 'n Inspekteur sal homself vergewis dat die indentifikasie, ouderdom, ens. van die skaap aangebied vir keuring, reg aangegee is. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die skaap in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en die minimum vereistes, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal is.

12.4 Enige teler wat nie met 'n Inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na inspeksie appél aanteken by die Genootskap. Sodanige appél moet van 'n deposito van R50 per inspeksie vergesel wees. 'n Appélraad wat deur die Raad aangewys word, sal dan die betrokke skaap of skape inspekteer en, indien die appél slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito.

12.5 Die Inspekteurs in diens van die Genootskap mag altyd as reklameagente optree en demonstrasies en lesings op geleë plekke hou waar dit moonltik is om plaaslike boere saam te trek, of onder beskerming van distrik-Landbou-unies of landbougenootskappe.

12.6 Die inspekteurs kan skape van telers klassifiseer en grader teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag vasstel.

12.7 Die Inspekteurs mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder waarskuwing ‘n algemene inspeksie van enige kudde doen.

12.8 ‘n Teler mag nie as ‘n Inspekteur van sy eie diere optree nie.

12.9 Inspeksiegelde soos van tyd tot tyd bepaal mag word sal in alle gevalle deur die applikant betaalbaar wees.

13. REKORDS VAN AFRINOS

13.1 Afrinos wat in die Lamboek ingeskryf is en wat voldoen aan die vereistes met betrekking tot inspeksie en aantekening of registrasie soos in die Verordeninge neergelê is, word in die Kuddeboek ingeskryf. (Sien bylae B Rasstandaarde).

13.2 Die Kuddeboek sal die nommer, die vader en moeder se nommers, die datum van geboorte, die naam van die teler en eienaar, die datum van inspeksie en besonderhede van klassifikasie van elke Afrino daarin opgeneem, bevat.

13.3 Op aansoek deur die Genootskap sal sertifikate van aantekening of registrasie deur Stamboek uitgereik word, ten opsigte van alle Afrinos wat in die Kuddeboek ingeskryf is. Sodanige sertifikate sal die besonderhede van die identifikasiemerke en die stamboek toon.

14. OORDRAGTE

14.1 Vir alle verkope of verwisseling van eienaarskap van aangetekende of geregistreerde Afrinos wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom of eiselontvangers, moet aansoek om oordrag aan die koper of nuwe eienaar by die Genootskap gedoen en die oordragsgelde betaal word deur die verkoper of oordraer.

14.2 Sodanige aansoek om oordrag moet binne 30 dae na die oordragsdatum van die betrokke dier aan die Genootskap gepos of oorhandig word, op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae maar minder as 60 dae na die oordragsdatum aan die Genootskap gepos of oorhandig word of meer as 60 dae maar minder as 90 dae na die oordragsdatum die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, respektiewelik dubbeld en driemaal die bepaalde gelde mag wees.

14.3 ‘n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragsdatum aan die Genootskap gepos of oorhandig word, sal deur die Raad oorweeg word en kan aanvaar word na die betaling van sodanige gelde as wat die Raad mag bepaal, maar dit mag nie ‘n bedrag van R20 oorskry nie.

14.4 ‘n Aansoek om die oordrag van ‘n aangetekende of geregistreerde Afrino moet vergesel gaan van die aantekening- en/of registrasiesertifikaat van die betrokke Afrino waarop die volle naam en adres van die nuwe eienaar asook die handtekening van die verkoper of oordraer en die oordragsdatum verskyn in die spasie wat daarvoor op die sertifikaat gelaat is.

14.5 Vir die doel van Verordening 14.4 word die oordragsdatum gereken as die datum waarop die betrokke Afrino die besit van die verkoper of oordraer verlaat.

14.6 Indien die Afrino wat oorgedra word, dragtig is, moet die oordraer, tesame met sy aansoek om oordrag, ook ‘n dekking- of insemineringsertifikaat (afhangende of die dragtigheid deur natuurlike dekking of KI bekom is) aan die Genootskap voorlê. Sodanige dekking- of insemineringsertifikaat moet die dekkingsdatum aandui, asook die volle naam en Kuddeboeknommer van die ram, en moet ‘n verklaring bevat ten effekte dat die betrokke ooi op die datum van oordrag aan die koper nie deur enige ram gedek kon gewees het nie as die een wat in die Dekking- of insemineringsertifikaat genoem is.

14.7 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien ‘n Afrino –

a) verkoop, geruil of geskenk is;
b) geërf is; of
c) aangeteken of geregistreer is in die name van meer as een eienaar gesamentlik en enigeen (of meer) van sodanige eienaars afstand doen van sy aandeel in die Afrino wat so geregistreer is.

14.8 Indien die Raad van mening is dat die verkoper of oordraer heeltemal in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly of weier om die oorspronklike aantekening- of registrasiesertifikaat te verskaf en indien die nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag die Raad met die toestemming van Stamboek, sodanige stappe doen as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar op voorwaarde dat in so ‘n geval, die boetebepalings wat in Verordeninge 14.2 en 14.3 hiervan neergelê is, op die nuwe eienaar van toepassing mag wees.

14.9 In gevalle van oordrag tussen eggenotes of van ouer na kind of kind na ouer (insluitende aangetroude en kleinkinders) ongeag die feit of dit deur verkoop, skenking of erwing geskied, sal slegs die helfte van die voorgeskrewe gelde betaalbaar wees.

14.10 Indien dieselfde persoon meer as een stoetery het moet kennis binne 30 dae aan die Genootskap gegee word op die neergelegde vorm van verskuiwing van enige aangetekende of geregistreerde of Afrinos geskik vir aantekening of registrasie, vanaf die een stoetery na die ander op soortgelyke wyse as kennis

van oordrag van sodanige Afrinos. Oordraggelde sal egter nie in sodanige gevalle betaalbaar wees nie.

15. VERANDERINGS OF BYVOEGINGS OP AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE

Enige wysiging of byvoeging tot die essensiële inligting of besonderhede wat amptelik op enige aantekening- of reserwesertifikaat van ‘n Afrino voorkom, en wat nie deur die Hoofbestuurder van Stamboek geparafreer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat wat betrekking het op die essensiële inligting of besonderhede wat daarin vervat is, sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

16. DUPLIKAAT AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKAAT

16.1 ‘n Duplikaat van die oorspronklike aantekening- of registrasiesertifikaat wat met betrekking tot ‘n Afrino uitgereik is kan verkry word indien daar tot bevrediging van die Raad bewys gelewer kan word dat die oorspronklike verlore is, per ongeluk vernietig is, of in die besit is van ‘n persoon wat verkeerdelik weier om dit aan die persoon wat daarop geregtig is, te oorhandig.

16.2 Die aansoek om ‘n duplikaat aantekening- of registrasiesertifikaat moet vergesel gaan van ‘n beëdigde verklaring deur die aansoeker, wat die eienaar van die betrokke Afrino moet wees. Sodanige aansoek en beëdigde verklaring moet aan die Genootskap gerig word, tesame met sodanige gelde as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal.

17. SERTIFIKAAT VAN UITGEBREIDE STAMBOOM

Enige persoon mag by die Genootskap aansoek doen om ‘n sertifikaat van ‘n uitgebreide stamboom met betrekking tot ‘n Afrino wat in sy naam aangeteken of geregistreer is, of ten opsigte waarvan ‘n geboortekennisgewing aanvaar is. Elke sodanige aansoek moet deur die gelde vergesel gaan soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

18. UITVOER VAN AFRINOS, SEMEN EN EISELLE

18.1 Aansoeke vir die uitvoer van Afrino’s, hul semen of eiselle sal ooreenkomstig die Wet in triplikaat op voorgeskrewe vorms, Bylaes I.A., I.S., I.O. en EX (soos deur Stamboek neergelê) by die Genootskap ingedien word, wat twee afskrifte tesame met sy aanbeveling met betrekking daartoe aan Stamboek sal stuur en Stamboek sal een afskrif tesame met sy aanbeveling aan die Registrateur stuur.

Die applikant sal ‘n afskrif van sodanige aansoek tesame met die bepaalde gelde aan die Registrateur voorsien.

18.2 Die Raad sal minimum prestasie- en ander vereistes vir die uitvoer van Afrinos, semen en eiselle bepaal.

18.3 Stamboek mag uitvoersertifikate t.o.v. Afrinos, semen of eiselle op aanvraag uitreik.

19. UITVOERSERTIFIKATE

Die aantekening- of registrasiesertifikaat is die uitvoersertifikaat van die Genootskap.

20. KENNISGEWING VAN GEBEURE WAT DIE KANSELLERING VAN AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE NOODSAAK

20.1 Indien ‘n Afrino wat aangeteken of geregistreer is of vir aantekening of registrasie geskik is, vrek, gekastreer of gesteriliseer word, of vir slagdoeleindes verkoop word, of indien ‘n ooi nie voor driejare ouderdom gelam het nie, moet die Genootskap binne 30 dae na sodanige gebeure daarvan in kennis gestel word, en die aantekening- of registrasiesertifikaat van sodanige skaap moet terselfdertyd aan die Genootskap teruggestuur word met die datum van die onderskeie gebeure behoorlik daarop geëndosseer.

20.2 Sodanige sertifikate moet onverwyld aan Stamboek teruggestuur word vir kansellering.

21. KANSELLERING VAN AANTEKENING OF REGISTRASIE

21.1 Die Raad mag by Stamboek aansoek doen om die kansellering van die aantekening of registrasie van ‘n Afrino wat –

a) verkeerdelik aangeteken of geregistreer is;
b) aangeteken of geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;
c) aangeteken of geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige verordening waaraan voldoen moes word om te verseker dat die aantekening of registrasie foutloos geskiet;
d) in die geval van ‘n ooi, op die ouderdom van drie jaar nog nie gelam het nie; of
e) in die geval van ‘n ooi, binne twee agtereenvolgende jare nie gelam het nie.

21.2 Voordat daar so om die kansellering van ‘n aantekening of registrasiesertifikaat aansoek gedoen word, moet die Genootskap die eienaar van die Afrino minstens 30 dae voor die tyd skriftelik, na sy jongste bekende adres, kennis gee van sy voorneme om dit te doen.

22. HERSTEL VAN AFRINOS IN DIE KUDDEBOEK

Indien die aantekening- of registrasiesertifikaat van ‘n Afrino gekanselleer is, sal sodanige Afrino slegs op aanbeveling van die Raad in die registers van die Genootskap en Stamboek herstel word; op voorwaarde dat die aansoek om herstelling deur dieselfde persoon aangevra word wat om kansellering daarvan aansoek gedoen het. Die aansoek om sodanige herstelling moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.

23. KOOP- EN VERKOOPDIENSTE DEUR DIE GENOOTSKAP

23.1 Die Genootskap kan teen betaling van kommissie of ander gelde bereken op ‘n grondslag soos deur die Raad bepaal, iemand in verband met die aankoop of verkoop van aangetekende of geregistreerde Afrinos behulpsaam wees deur ten opsigte van enige aangeleentheid rakende die keuring of teelt van sodanige Afrinos, advies of inligting te verstrek of as sy agent op te tree in enige hoedanigheid ander as die afslaer.

23.2 Geen beampte of werknemer van die Genootskap mag, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanige beampte of werknemer, in Verordening 23.1, beoogde diens lewer, of andersins dan as ‘n teler by enige besigheid in verband met die aankoop of verkoop van aangetekende of geregistreerde Afrino’s betrokke wees nie.

24. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalinge in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur ‘n volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Genootskap geliasseer, ‘n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings, aansoekvorms om aantekening, registrasie of oordrag, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van aangetekende of geregistreerde Afrinos te onderteken, en enige sodanige handtekening deur so ‘n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is, op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, sodanige gevolmagtigde persoon daartoe in staat stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of die stemming vir enige Raadslid, of die stemming oor enige aangeleentheid waarvoor sy prinsipaal stemreg het, of om enige vergaderings namens sy prinsipaal by te woon nie.

25. NIE-LEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word; op voorwaarde dat daar geen wetlike of ander verpligtinge op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan enige nie-lede gelewer word, sal wees soos in Bylae A uiteengesit. Sodanige gelde sal vooruit betaalbaar wees.

BYLAE

- “A” – Gelde betaalbaar
- “B” – Rasstandaard
- “C” – Inspekteurs – neergelegde keuringstelsel
- “D” – Aansoekvorm
- I.A.
- I.S.
- I.O.
- EX
- Skedule K en O